Gauteng Onderwysdepartement

Laerskool Elspark

Skoolhoof: hoof@lselspark.co.za
Administratief: judith@lselspark.co.za
Webwerf: www.laerskoolelspark.co.za

Posbus 12009 Elspark 1418
Tel: (011) 893-2024/5
Faks: (011) 916-1963

2021-05-05

Geagte Ouer/Voog

OMSENDBRIEF NOMMER 1 VAN MEI 2021

WELKOM TERUG - MNR GERICKE

Welkom terug by die skool. Ons vertrou dat u 'n aangename vakansie saam met u kinders geniet het. Ons kinders en personeel is reeds hard aan die werk en ouers hardloop reeds rond om almal oral betyds te kry.

Dankie weereens vir die ondersteuning wat u aan ons skool gaan gee in hierdie kwartaal. Mag die skool ook dan sover moontlik aan almal se verwagtings en eise voldoen.

NB! - Addisionele vakansiedag - 2de kwartaal
Woensdag, 16 Junie - Jeugdag

GR 1 OPE-AAND - ME VAN STADEN

Alle voornemende Gr 1 leerlinge van alle kleuterskole in die Oosrand en hul ouers word hartlik uitgenooi na Laerskool Elspark se ope-aand.

Datum: 12 Mei 2021
Tyd: 18:00
Tema: Amazing "reis"

Kom loer gerus in en vergewis uself van al die wonderlike geleenthede wat Laerskool Elspark u kind kan bied.

Ons sien uit daarna om u hier by ons te verwelkom.

AANLYNONDERRIG - ME BRITZ

Aangesien die land tans op vlak 1 is, sal toestemming vir aanlynonderrig sleg in uitsonderlike gevalle toestaan word. Slegs leerlinge met gesertifiseerde komorbiditeite mag met die nodige toestemming aanlynonderrig ontvang.

Indien 'n leerling se werk nie op standaard is nie, word hy/sy aangeraai om eerder skool fisies by te woon om die nodige hulp te ontvang.

Aanlyn leerlinge wat versuim om hulle werk in te handig of assesserings by te woon sal verplig word om terug te kom skool toe.

Indien die vlak van inperking verander sal ons u in kennis stel van veranderde reëlings.

NASKOOLSENTRUM - ME McKENZIE

Die naskoolsentrum is gesluit op die volgende dag in Kwartaal 2:

Woensdag, 16 Junie - Jeugdag

SKOOLGELDE VIR 2021 – MNR GERICKE

Soos u weet het ons skooljaar nie begin soos dit beplan was nie en glo ons dat dit in die toekoms beter sal gaan. Ons wil ook graag van die geleentheid gebruik maak om dankie te sê aan elke ouer wat getrou u verpligtinge nakom.

Hiermee wil ons net onder u aandag bring dat die skoolgelde vir 2021 steeds verpligtend is in terme van Artikel 39 van die Suid-Afrikaanse skolewet. In terme van Artikel 40 en 41 van die Suid-Afrikaanse skolewet kan die skool die verpligte skoolgelde afdwing.

Skoolgelde was reeds betaalbaar vir Januarie, Februarie, Maart en April 2021.
Skoolgeld word bepaal as 'n jaarlikse bedrag wat betaalbaar is oor 12 maande vir u gerief.

Ons doen hiermee 'n beroep op u as ouer om asseblief hierdie verpligting t.o.v. die skoolgelde streng na te kom. Indien u enige navrae het kontak gerus vir Sonja Fourie by sonja@lselspark.co.za

SKOOLGELDBETALING 2021				
ITEM		BEDRAG PER MAAND	BETALINGSTYDPERK	BEDRAG VIR 2021
1	Skoolgeld vir enkelkind	1 440	12 Maande	17 280
2	Skoolgeld vir tweede kind	1 440 (2 880)	12 Maande	17 280
3	Skoolgeld vir derde kind	577 (3 457)	12 Maande	6 924
Skoolgeld is vooruitbetaalbaar teen die 7de van elke maand. Mei se skoolgelde was reeds betaalbaar.				
4	Naskoolgeld per kind	1 000	11 Maande	11 000
Naskoolgeld is vooruitbetaalbaar teen die 7de van elke maand. Mei se gelde was reeds betaalbaar. Geen subsidie word toegestaan nie.				
5	Kleuterskoolgeld per kind	1 560	12 Maande	18 720
Kleuterskool skoolgeld is vooruitbetaalbaar teen die 7de van elke maand. Mei se gelde was reeds betaalbaar. Geen subsidie word toegestaan nie. Geen korting soos in geval van groot skool				

Uitstaande gelde!!!

Daar is ouers wat baie agterstallig is met skoolgeld, kleuterskoolgeld en/of naskoolgeld. Alle agterstallige gelde is reeds betaalbaar en word nou oorhandig. Kontak asb. Me Fourie om 'n reëling te tref om gelde op datum te bring.

Bankbesonderhede:
ABSA Bank
Tjekrekening no: 230 301 360
Takkode: 632005
Verwysing: kind se rekeningnommer of naam, van en graad

Neem asb. kennis dat Laerskool Elspark Ceebee Debt Collectors gebruik om al die oorhandigings te hanteer. Dringende betaling word verlang op agterstallige rekeninge om oorhandiging te vermy.

Kontroleer asb. u kleingeld en kwitansie voordat u die finansiële kantoor verlaat. Sonder 'n kwitansie kan geen regstellings gedoen word nie. Bewaar asb. u kwitansie op 'n veilige plek!

NB! Epos asb. bewys van betaling met uiteensetting ten opsigte van betaling na riekie@Iselspark.co.za. Dit is baie belangrik dat u asb. altyd u kind se rekeningnommer as verwysing by alle bank inbetalings sal aandui. Indien u nie weet wat u rekeningnommer is nie, is u welkom om Me Wessels te skakel in die finansies kantoor.

NETBAL - ME LE ROUX

Netbalproewe week:

Dinsdag 4 Mei, Woensdag 5 Mei en Donderdag 6 Mei (13:45 tot 14:30) sal daar deeglike proewe gehou word vir die O/9 tot O/13 dogters waarna die A, B en C spanne vir die jaar aangekondig sal word.

Netbaloefening:

Vanaf Maandag 10 Mei oefen die gekose spanne elke Maandag, Dinsdag, Woensdag en Donderdag vanaf 13:45 tot 14:30.

Alle dogters wat vir 'n span gekies word tydens die proewe week ontvang BAIE BELANGRIKE dokumentasie, wat asseblief nie later as Maandag 10 Mei by die dogters se afrigters ingehandig MOET word nie.

Netballiga:

Die netballiga datums vir die A en B spanne is as volg:

Datum	Teen	Waar	Wie
Donderdag 13 Mei	Ls Delville	Weg (Delville)	o/9 tot o/13 A en B
Dinsdag 18 Mei	Ls Baanbreker	Tuis	o/9 tot o/13 A en B
Donderdag 20 Mei	Ls Concordia	Weg (Concordia)	o/9 tot o/13 A en B
Dinsdag 25 Mei	Ls Generaal Alberts	Tuis	o/9 tot o/13 A en B
Donderdag 27 Mei	Ls President Steyn	Weg (President Steyn)	o/9 tot o/13 A en B
31 Mei tot 3 Junie	D16 Uitspele	Sal bevestig word	o/10 tot o/13 A en B
Saterdag 5 Junie	Ekurhuleni uitspele	Sal bevestig word	o/10 tot o/13 A

- ***Ongelukkig word geen toeskouers by enige wedstryde toegelaat nie.***
- ***Dogters moet asseblief hul eie water/koeldrank voorsien vir elke wedstryd.***
- ***Hande, balle en beffies sal voor en na elke wedstryd gesaniteer word.***
- ***Voor elke wedstryd moet elke dogter/afrigter en skeidsregter 'n Covid vraelys voltooi.***
- ***Genoegsame busvervoer is beskikbaar vir alle weg wedstryde.***

*****Die C-spanne se liga datums sal deurgegee word sodra ons dit ontvang.***

RUGBY - MNR SERFONTEIN

Die rugby wedstryde vir die kwartaal lys soos volg:

Datum	Teen	Waar
Donderdag, 13 Mei	Rynfield Primary	Weg (Rynfield)
Woensdag, 19 Mei	Laerskool Die Arend	Weg (Die Arend)
Donderdag, 27 Mei	Laerskool Northmead	Tuis
Donderdag, 3 Junie	Laerskool Concordia	Weg (Concordia)
Donderdag, 10 Junie	Laerskool Edleen	Weg (Edleen)
Donderdag, 17 Junie	Aston Manor Primary	Tuis
Donderdag, 24 Junie	Laerskool Delmas	Tuis

Met die huidige Covid regulasies mag daar geen toeskouers wees nie.

JUNIOR SPORT (RUGBY EN NETBAL) - ME GROBLER

0/07 (Gr 1) - Maandae en Woensdae
0/08 (Gr 2) - Dinsdae en Donderdae

Bogenoemde aktiwiteite sal plaasvind in skooltyd. Elke Gr 1 en Gr 2 leerling sal dus betrokke wees aangesien dit deel uitmaak van ons liggaamlike opvoeding program. Oefeninge sal gebaseer word op noodsaaklike groot motoriese en balvaardighede.

Onthou asb. dat u kind gemaklike oefenklere moet saambring op die betrokke dae.

Juniorsport neem in aanvang op Maandag, 17 Mei (Gr 1) en Dinsdag 18 Mei (Gr 2).

BOOGSKIET - ME JACOBS

Boogskiet datums om oop te hou:

Saterdag, 8 Mei	Virtuele interskole kompetisie by Hoërskool Elspark Koste: R50 Alle geregistreerde skuts
Saterdag, 15 Mei	Virtuele interskole kompetisie by Hoërskool Elspark Koste: R50 Alle geregistreerde skuts
Saterdag, 22 Mei	Virtuele Interprovinsiale kompetisie Slegs provinsiale spanname sal deurgegee word. Die spanne gaan verander omdat van die skuts nou in die hoërskool is.

Daar mag dalk nou botsings met oefentye wees a.g.v. netbal en rugby oefening. Laat weet asb. vir Me Jacobs (082 458 4307) sodat ons reëlings kan tref.

SKAAK – ME BADENHORST

Leerlinge wat belangstel om deel te wees van ons skaakspan, kan hulle besonderhede aanstuur vir Me Badenhorst (zelnerie@elsies.co.za).

VOORTREKKERS – ME A DU TOIT

Ons gereelde Voortrekker byeenkomste begin Maandag, 10 Mei om 16:00 by die vlagpale.

ENGELSE REDENAARS – ME MITTON

Onderwerpe vir die Engelse redenaars is as volg:

Gr 1	Children need to do chores The tooth fairy is real My school is the best
Gr 2	Pets should be adopted rather than bought Vegetables are yummy. Rules are important
Gr 3	This virus has infected my social life Choose your friends carefully Grown-ups need to take a deep breath
Gr 4	Punishment is good for you To stay healthy we need to change the way we spend time together. It is better to save your pocket money for a rainy day.
Gr 5	Today's children don't have table manners Spelling tests are still important Covid 19 has made children lazy
Gr 6	Being popular is more important than doing what is right. School children should be banned from using technology during the week. Online learning is the way to go.
Gr 7	Violent video games are dangerous Space exploration. Should we spend money on that? Judging a fish by its ability to climb a tree is bad or isn't it?

KOSKAS EN TOEBROODJIES VIR BEHOEFTIGE LEERLINGE – ME KOMEN

Laerskool Elspark het 'n koskas by die skool waaruit ons vir die leerlinge en hul gesinne voedsel verskaf vir naweke en vakansies. Ons koskas is op die oomblik dolleeg en ons sal graag dit weer wil volmaak vir tye wat ons die kos broodnodig het.

Ons vra dat leerlinge asb. sal deelneem aan ons bring-'n-blik-projek op Vrydae. Indien u bereid is om enige nie-bederfbare kos (bv. blikkies, bad benodigdhede, ens.) te skenk, stuur dit asb. na u kind se registeronderwyser.

Ons het tans 55 leerlinge wat daagliks broodjies by die skool ontvang. Ons benodig asb. u hulp met die maak hiervan. Indien u bereid is om te help voltooi asb. die aangehegte skeurstrokie en stuur dit terug na Me Komen.

KLEREBANK – ME A DU TOIT

Ons klere is baie min. As daar van u is wat klere wil skenk is u baie welkom, self ou skoolskoene kan gebruik word.

Ons het geen skoolsweetpakke of van die dik swart baadjies oor nie.

Stuur 'n epos na christa@elsies.co.za vir enige navrae.

DISSIPLINE - MNR MULLER

Wenke om u kind se skooldag vlot te laat verloop.

- Besorg u kind soggens betyds by die skool.
- Merk skoolklere ens. duidelik.
- Sorg dat u kind geklee is met die korrekte skooldrag.
- Maak seker dat u kind die nodige skryfbehoeftes het.
- Kontroleer gereeld u kind se huiswerkboeke.
- Bly op hoogte van skoolaktiwiteite deur omsendbriewe noukeurig deur te lees.
- Wees 'n betrokke, positiewe ouer. 'n Betrokke positiewe ouer lei tot 'n betrokke, positiewe trotse Elsie leerling.

OPVOEDING - ME GROBLER

Wat is in jou kind se kosblik???

Die S.A Voedingswaarde-vereniging berig die volgende:

- 17% van Laerskool kinders is oorgewig!
- Jongmense eet te veel kos sonder voedingswaarde
- Fisiese aktiwiteite by kinders neem af. Hulle ontspanning is voor die TV of rekenaar.

Ouers moet oplet wat hulle hul kinders gee om te eet en seker maak of dit voedsaam is, of slegs vetsug aanhelp. Gemorskos, al is die porsies klein, het nogsteeds net 'n effek op gewig en nie op voeding nie.

Dit is ouers se verantwoordelikheid om toe te sien dat kinders gesond eet en genoeg oefen. Voer maar die weenseworsies vir die buurman se hond!!

DANKBAARHEID

- Baie dankie aan ons Hemelse Vader vir Sy beskermende hand oor ons skool.
- Dankie vir pragtige leerlinge wat trotse Elsies is en altyd ons skool se naam hoog hou.
- Dankie aan elke ouer wat ons skool ondersteun en altyd 'n positiewe boodskap na buite oordra. Ons waardeer julle!

1 Korintiërs 13:4

Die liefde is geduldig, die liefde is vriendelik; dit is nie afgunstig nie, is nie grootpraterig nie, is nie verwaand nie.

Elsiegroete

W.F GERICKE
SKOOLHOOF

Geloof •Hoop•Liefde

JAARTEMAS:
ONS BEWAAR (2010)
EENHEID MAAK MAG (2011)
TEMPO-ONDERWYS MAAK N VERSKIL (2012)
KOM GROEI SAAM (2013)
AKADEMIE IS NO. 1! (2014)
E-LEARNING@ELSIES! (2015)
VERNUWING BRING VOORSPOED (2016)
WERKSETIEK EN HOË STANDAARDE (2017)
AANSPREEKLIKHEID EN VERANTWOORDELIKHEID (2018)
VINDINGRYKHEID (2019)
SKOOLDISSIPLINE SKEP 'n GOEIE LEEROMGEWING (2020)
GELOOF, HOOP, LIEFDE (2021)
www.laerskoolelspark.co.za

Skeurstrokie - Toebroodjies vir behoeftige leerlinge

Ek _____ ouer/voog van _____ in gr _____ is bereid om toebroodjies te maak vir 55 leerlinge _____ keer per kwartaal.

_____ _____

Handtekening Kontaknommer